21 Gebede

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Die gebed van Psalm 2

## Psalm 2

Hoe nodig het ons hierdie Psalm nie! Dit is een ding om te glo dat God ons wil help. Dit is egter iets heeltemal ander om te glo dat God ons kan help.

Die eerste twee psalms wil ons hiermee help. Psalm 1 (wat ons leer erken dat lewensvreugde net by God is) en Psalm 2 (wat ons leer erken dat God almagtig is) is met opset aan die begin van die Psalmboek geplaas .

As ons Psalm 1 en 2 glo en leer, sal ons in enige omstandighede kan bid.

Jesus Christus bevestig hierdie twee waarhede opnuut aan ons op Goeie Vrydag!

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas die gebed by jou lewe in?

Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?

Bid hierdie teksgedeelte.

21 Gebede

Huiskerk Quellerina Gemeente

# Die gebed van Ps 2

Lees verse 1-3.Wie se stem praat hier?
Wat is die basiese houding van hierdie stem?
En teen wat is die nasies in opstand? Wat wil hulle hê?

Lees verse 4-6. Wie se stem praat nou?

Elk van hierdie verse openbaar 'n duidelike boodskap en gesindheid van God. Wat is die eerste in v.4?

Wat spreek God in v.5 uit? En wat is God se finale uitdrukking in v.6?

Lees verse 7-9. Wie se stem praat nou?

Waarvan praat Christus in hierdie verse?

Lees verse 10-12. Wie praat nou?

Hoe pas hierdie Psalm vir jou by Goeie Vrydag se gebeure?

Quellerina Gemeente